higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

NYWERHEIDSORGANISASIE EN -BEPLANNING N3

13 Augustus 2021

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 'n Eenmansaak is 'n vorm van 'n onderneming wat deur een persoon,✓ die eienaar✓ besit word.

1.2 'n Vennootskap is 'n vorm van 'n onderneming wat twee of meer mense✓ stig.✓

1.3 'n Privaat maatskappy is 'n maatskappy met gedeelde kapitaal,✓ maar die reg om aandele van een persoon na 'n ander oor te dra, is beperk.✓

1.4 'n Beslote korporasie is 'n regspersoon wat onafhanklik van sy lede is✓ en waarvan die bestaan onbeperk is, behalwe as dit gederegistreer of gelikwideer word.✓

1.5 'n Tjek met twee parallelle strepe oor die tjekblad✓ met of sonder die byvoeging van woorde, is 'n gekruiste tjek.✓

1.6 'n Kantoor is 'n plek of vertrek of gebou waar die klerklike aktiwiteite van 'n onderneming uitgevoer✓ word om beheer, rigting en bestuur aan die onderneming te verskaf.✓

1.7 'n Indeks is 'n woordeboektipe lys✓ wat alle moontlike maniere of woordkombinasies waarop materiaal aangevra kan word, toon.✓

1.8 Dit is 'n onafhanklike persoon (eenheid) wat daarop gerig is om 'n wins te toon uit kapitaal wat deur meer of minder individue✓ belê is en dra die kapitaalrisiko wat die afwagting op die vraag behels.✓

1.9 Dit is die hoeveelheid werk wat deur 'n gemiddelde werker in een uur gedoen word.✓ Dit word in geskrewe ramings gebruik om te skat hoeveel ononderbroke arbeid nodig sal wees om 'n taak uit te voer.✓

1.10 'n Handelsonderneming verwys na 'n onderneming wat goedere✓ aankoop om dit weer aan ander ondernemings of mense te verkoop.✓

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

2.1
- Kredietkaarte elimineer die nodigheid om kontant byderhand te hê.
- Die meeste kredietkaarte behels sekere programme.
- Indien 'n mens oorsee is, kan jy dikwels 'n kontantvoorskot ontvang.
- Word verkry om reisigerstjeks aan te koop wanneer 'n mens reis.
- Plekke wat nie tjeks wil aanvaar nie, sal kredietkaarte dikwels aanvaar.
- Kredietkaarte dien as korttermynlenings.
- Dit bied meer koopkrag.
- Kry die beste wisselkoers wanneer daar in die lande gereis word.
- Kaarte kan vir aankope of vir die trek van kontant gebruik word.
- Kredietkaarte help om kwitansies vir belastingdoeleindes te koördineer.

Kopiereg voorbehou

- Meer as een kredietkaart kan aan dieselfde bankrekening gekoppel wees.
- Boekhouding is makliker met kredietkaarte as met tjeks. (Enige 5 × 1) (5)

2.2
- Dit is 'n ruilmiddel✓ – Dit word oral vir die ruil vir alle kommoditeite aanvaar✓
- Dit is 'n waardemeter✓ – dit is 'n manier om die waarde van ander kommoditeite te vergelyk✓✓
- Dit is 'n standaard van uitgestelde betaling✓ – leen en uitleen word belangrike kenmerke van die ekonomie✓
- Dit is 'n likiede bate en 'n waardedraer✓ – geld is die mees likiede van alle bates en weens die betreklik stabiele waarde daarvan, word dit as 'n goeie waardedraer beskou✓ (4 × 2) (8)

2.3
- Die kan maklik begin word omdat die wet min formaliteite vereis
- Slegs 'n lisensie is nodig
- Dit kan maklik beëindig word
- Die eienaar neem alle besluite self
- Die eienaar het alleenreg op die wins
- Hy kan sonder enige inmenging van buite optree
- Persoonlike toesig verhoed die vermorsing van tyd
- Persoonlike kennis van die kliënte help dat die eienaar beter diens lewer
- Misverstande in die onderneming word vermy
- Die eienaar se entrepreneurskap word ontwikkel en uitgebrei (10 × 1) (10)

[23]

VRAAG 3

3.1
- Om te help met die akkurate prysvasstelling van goedere vir doeleindes van koste-evaluasie
- Om onaktiewe voorraad aan te dui
- Om goedere wat gehou word of 'n bestelling aan produksie en verkoopvereistes oor te dra
- Om voorraadverliese en vermorsing te verminder
- Om te verseker dat goedere beskikbaar is wanneer en waar dit benodig word
- Om te verseker dat die mees ekonomiese aantal van elke kommoditeit gehou word
- Om die nie-belegde voorraad ten beste aan te wend deur die regte tipe goedere aan te hou (7 × 1) (7)

3.2 Dit is die sistematiese beheer van die veranderlikes✓ in die produksieproses✓ wat die standaard van die eindproduk✓ en kliëntetevredenheid beïnvloed✓ (4 × 1) (4)

3.3
- Konsensus
- Handelingsbevoegdheid
- Geoorloofdheid/Legaliteit
- Moontlikheid van prestasie
- Kontrakformaliteite (5 × 1) (5)

3.4
- Positiewe wanprestasie
- Onmoontlikheid van prestasie
- Verwerping
- Versuim van die skuldenaar (mora debitoris)
- Versuim van die skuldeiser (mora creditoris) (5 × 1) (5)

3.5 1. **Totale produksiekoste**✓
Produksiekoste bestaan uit vaste koste en veranderlike koste.✓

2. **Produksiekoste per eenheid**✓
'n Onderneming stel dikwels belang in die gemiddelde koste daarvan om een eenheid van die produk te vervaardig.✓ Die gemiddelde koste is gelyk aan die totale koste gedeel deur die aantal eenhede wat geproduseer is.✓

3. **Berekening van die wins**✓
'n Onderneming se wins is gelyk aan die totale inkomste minus die totale produksiekoste.✓

4. **Gelykbreekpunt**✓
Dit is die aantal eenhede waarteen die onderneming 'n wins of 'n verlies toon.✓
(4 × 2) (8)

3.6
- Alfabeties✓ (a b c …)✓
- Numeries✓ (1 2 3 …)✓
- Numeries alfabeties✓ (1A 1B 1C 2a 2b …)✓
- Alfabeties numeries✓ (A1 B1 C1 A2 B2 C3 …)✓
- Chronologies✓ (eerste, tweede, derde …)✓ (5 × 2) (10)

[39]

VRAAG 4

4.1
- Relatief duur
- Minder betroubaar as gevolg van ongelukke en die weer
- Goedere kan maklik beskadig word
- Hoë instandhouding
- Beskadigde paaie
- Relatief beperkte dravermoë van voertuie (Enige 4 × 2) (8)

4.2
- Bemarkingsgebied
- Grondstowwe
- Vervoer
- Arbeid
- Krag/Energie/Brandstof
- Water
- Klimaat
- Historiese voordeel
- Beskikbare ruimte
- Plaaslike politiek

(10 × 1) (10)
[18]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou